SA Jagters- en Wildbewaringsvereniging
SA Hunters and Game Conservation Association
Houtkapper Tak / Branch - Secunda

Posbus / PO Box 667, Trichardt, 2300
Tel: +27(0)82 045 6437
Webtuiste / Web site: www.sajwv-houtkapper.co.za

*Suid-Afrika se Grootse Bewaringsorganisasie – gefokus op Bewaring deur Volhoubare Benutting*
*South Africa's Largest Conservation Organisation – focused on Conservation Through Sustainable Use*

# Houtkapper Skietbaan Reëls

(Meeste reëls word bepaal om aan wetgewing te voldoen)

1. Slegs sleutel houers mag die skietbane bespreek, hulle direkte inwonende familie (vrou en junior kinders) mag hulle vergesel, maar mag nie besprekings doen nie.
2. Sleutel houers moet die induksie doen en die fooi betaal vir die jaar (Jan – Des), soos per kriteria in punt 5.
3. BO 3 dienste – R700 (R100 af vir elke diens meer as 3 dienste); TJ/TSS met 3 Tak skiet dae – R800; Gewone lede wie aan 3 Tak skietdae deelgeneem het – R800, Ander aansoeke R1000.
4. Sleutel houers mag hul sleutel vir niemand gee nie.
5. Tak lede mag sleutelhouers vergesel om te skiet, maar moet R50 EFT, inbetalings verwysing, SB lidnommer.
6. Nie-tak lede kan nie sleutelhouers word nie, maar mag sleutelhouers vergesel en moet R100 EFT, inbetalings verwysing, SB lidnommer, van sleutelhouer.
7. Houtkapper sportskutte wat nie sleutel houers is nie, mag die baan betree om Posliga te gaan skiet, slegs as so persoon deur ‘n baanoffisier wat 'n sleutel houer is en die 100m baan bespreek het vergesel word en moet ook die R50 betaal.
8. **Enige iemand wat die grond betree MOET die baan register/vrywaring teken voor die skietbaan betree word, toeskouers en kinders ingesluit, voordat enige skiet aktiwiteite begin**.
9. **Die bane mag slegs betree word indien die volgende in plek is:**
   a. Jy het 'n baan bespreek.
   b. Jy het die die persoon wat bespreek het gevra of jy hom mag vergesel en dit dra sy goedkeuring weg.
   c. Jy word vergesel deur ‘n Baanoffisier om Posliga te gaan skiet. (Slegs vir aktiewe deelname aan Posliga)
10. Enige persoon wat die grond betree moet sorg dat hy/sy‘n Noodhulpsak teenwoordig het (NVT met skietdae) en dat hy/sy of enige iemand teenwoordig nie onder die invloed van enige drank of dwelms is nie.
11. **Algemene reëls:**
    a. Die hek sal ten alle tye gesluit bly en vir geen rede oopstaan nie.
    b. Geen losstaande rame mag gebruik word nie, daar mag slegs op die “bullet traps” geskiet word.
    c. **GEEN losstaande teikens of Gongs op enige ander plek as teen die wal nie, veral op die 100m Baan**.
    d. Wapens mag slegs gebruik word op die baan wat daarvoor bedoel is. *Gewere op langbaan, Haelgewere op haelgeweer baan, Pistole/Rewolwers/.22/PCP op 100m baan.*
    e. Op die haelgeweer baan mag slegs nr. 7, 8 en 9 hael gebruik word ten alle tye.
    f. Geen voertuie mag oor die walle en op die bane ry nie, slegs op die pad aan die linkerkant (300m) en regterkant (100m) wat as dienspad beskikbaar is.

g. Indien enige voertuie en/of boerdery aktiwiteite agter die stopwalle gewaar word sal skiet dadelik gestaak word en baan "oop" verklaar word.

12. **Alle veiligheids reëls soos op skietdae sal geld.**
    a. Wapens sal veilig en in 'n sak of tas vervoer word tot op die skietpunt.
    b. Wapens sal slegs uitgehaal en hanteer word indien almal van die baan af is.
    c. Wapens sal slegs gelaai word sodra almal op die skietpunt in kennis gestel is dat die skietbaan gesluit is.
    d. Sodra die skietbaan gesluit is sal almal oog en oor beskerming dra.
    e. Wapens sal veilig gemaak en verklaar word, voor die skietbaan as "oop" verklaar word en skuts voorentoe beweeg. Geen skut word naby 'n wapen toegelaat wanneer ander skuts vorentoe beweeg.
    f. **Kinders mag slegs onder direkte toesig van ouer/s skiet**.
    g. Geen haelgeweer skiet mag op die 100m of 300m baan plaasvind nie.
13. Sleutel houers kan die baan bespreek op: **https://sites.google.com/site/houtkappper/**
14. Die bane kan slegs een week vooruit bespreek word en geen dubbel besprekings mag gemaak word nie. Die skietbane moet apart bespreek word.
15. Die langbaan kan vir 2 ure per dag bespreek word en die pistool / haelgeweerbaan kan vir 2 ure per dag bespreek word. (As jy dus vir 4 ure wil skiet, bespreek eers 2ure op 100m en volgende 2ure op 300m)
16. Indien enige ongeruimdhede, skade, nalatigheid of onveilige situasies of wapen hantering wat tot enige skade, beserings of dood kan lei gewaar word, rapporteer dit onmiddelik aan enige van die bestuurslede per e-pos met datum en tyd. Indien dringend kan die lede geskakel word.
17. Oortreding van enige een van die reëls kan lei tot skorsing van die Skietbaan en/of Vereeniging. Afhangend van die oortreding kan selfs strenger opgetree word.

**Hiermee bevestig ek dat ek die reëls gelees het, verstaan en sal nakom.**

Naam & Van: ________________________________

Lidnommer: _______________

Datum: ____/_____/2022

Handtekening: ____________________________